



Nie mense nie, nie my studies nie, nie hoe om te loop nie, nie hoe om te praat nie ... Niks." Op 28 is Cornelia medies ongeskik vir werk verklaar. "Ek kon nie eers tel nie!" onthou sy van daardie tyd.

Sedertdien het daar baie wonderwerke gebeur. Sy is getroud, kan weer tel, en het stadig maar seker die stukke van haar nuwe lewe inmekaargesit. Al sukkel sy nog soms om te onthou, te verstaan en te konsentreer, het haar lewe weer sin gekry. Vandag is Cornelia 'n mentor vir CrisisOnCall. Want haar eie storie kon dalk baie anders gewees het as sy daar op die sypaadjie "iemand" was.



CrisisOnCall bied 24 uur per dag, 7 dae per week, 365 dae van die jaar al die krisis-ondersteuning wat jy nodig het. Ongelukkig kan 'n krisis jou enige tyd tref, maar of dit nou 'n mediese noodgeval, motor- of ander ongeluk, 'n kriminele of huishoudelike insident is – hulp is net een oproep ver!

CrisisOnCall jou lewenslyn!

Cornelia Raath Lotter het op 26 meer bereik as meeste mense in 'n leeftyd. Toe tuimel haar wêreld ineen. Hierdie wending het van haar 'n nuwe mens gemaak, en 'n mentor vir CrisisOnCall.

WAT MAAK CRISONCALL UNIEK?

● 'n Nasionale noodnommer

Wanneer jy CrisisOnCall skakel, word jou oproep gou geantwoord en kan lede wat 'n krisis beleef en in 'n onbekende omgewing is, vinnig met die nodige hulp en ondersteuning bygestaan word.

● Verskillende ambulansdienste

Anders as die meeste mediese fondse, maak CrisisOnCall van 'n verskeidenheid ambulansdienste gebruik. Indien 'n ambulans nie nodig is nie, sal jy na die naaste hospitaal beduie word. Die hospitaal sal ook met jou aankoms oor jou en die situasie ingelig wees.

● Identifikasie en inligting

Die CrisisOnCall identifikasiesisteem is uniek omdat dit die nodige inligting gee in tye wanneer dit regtig saak maak.

● Ritmonitering

Met CrisisOnCall se ritmonitering word jou rit periodiek deur personeel by die beheerkamer nagegaan.

Kontak 0861 57 47 47 of SMS "COC CRL" gevolg deur jou naam en e-posadres na 33282. CrisisOnCall sal jou kontak (koste eenmalig: R1,50).

Dit het in 'n oogwink gebeur. Nie dat Cornelia ooit enigiets daarvan sou onthou nie. 'n Ooggetuie het die grusame ongeluk gesien gebeur. 'n Vrou het oor 'n stopstraat gery sonder om stil te hou en Cornelia van haar motorfiets afgestamp. Haar valhelm het afgeval en haar kop is teen die randsteen vergruis. Sy het nie asemgehaal nie ...

Voor daardie dag was Cornelia 'n suksesvolle professionele elektroniese ingenieur – en adrenaliënverslaafde! Bedags het sy mense verstom met haar eidelose begrip van die wetenskap en naweke het sy behoorlik baljaar. Sy het valskermgespring, geroei, rekspronge gedoen, veldmotorfiets gery, koeng foe beoefen – niks was ooit vir haar te moeilik nie. Nie vir haar

lyf nie, en ook nie vir haar verstand nie.

Maar daardie dag, stukkend op die sypaadjie, het sy geen vorm van identifikasie by haar gehad nie. En ook geen lewe nie. Die ooggetuie het lug in haar slap lyf geblaas, en sy het wonderbaarlik begin asemhaal. Ongelukkig het niemand geweet wie sy was nie en twee privaat hospitale het haar weggegewys – al het sy eintlik 'n baie goeie mediese fonds gehad. Cornelia is as "onbekend" in 'n staatshospitaal opgeneem, waar sy breindood verklaar is en gelos is om te sterf. Maar sy het nie!

Cornelia is eers die volgende oggend geopereer nadat die ooggetuie by die hospitaal aangekom het en daarop aangedring het. Daarna was sy drie weke in 'n koma voordat sy haar oë oopgemaak het. "Ek kon niks onthou nie. Niks.